LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

19-11-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 41 VIR 2018

1 **ATLETIEK:**

- Oefentye vir November en Desember 2018 (tot die skool sluit):
  * Verspring, hoogspring, gewigstoot en hekkies oefen Maandae, Dinsdae en Donderdae vanaf 13:15 tot 14:15 op Hoër Volkskool se velde.
  * Langafstande oefen Maandae tot Donderdae 16:00 tot 17:00 ook op Hoër Volkskool se velde.
- Afrigters:

Verspring en Hekkies	- Mnr. Louwtjie Dalhouzie
Hoogspring	- Oom Henning Snyman
Gewigstoot	- Oom Slappies du Plessis
Langafstande	- Tannie Elmien Coetzee

2 **SKAAK:**

Op 23 November 2018 om 14:00 is daar by Hoër Volkskool se koshuis studiesaal 'n skaak-kuier vir al die laerskoolspelers. Al die spelers wat belangstel se name moet reeds by Juf. Ronelle Terblanche opgegee wees.

3 **VOLKIE VERE:**

- Net 'n vriendelike kennisgewing: Volkie Vere se pryse gaan vanaf 1 Januarie 2019 styg met 10%.
- Die winkel sal oop wees tot 14 Desember 2018 net tot 13:00.
- Volkie Vere heropen weer op Saterdag, 5 Januarie 2019 vanaf 08:00 tot 13:00.

4 **FORMELE ASSESSERING:**

- Leerders is skoolpligtig tot 13:00 elke dag.
- Personeel maak gebruik van tyd om vraestelle te bespreek en deur te werk.
- Punte word ook gekontroleer in die klasse.

5 **VOLKIE NUUSBULLETIN:**

Stuur asb. u kind se buitemuurse sportprestasies voor of op 23 November na helenebotha@laervolkskool.co.za en indien u belangstel vir 'n advertensie, kontak haar by 0163416216/0832852481.

6 JAARBLAD EN HUISWERKBOEKIE:

- Die Huiswerkboekies vir 2019 beloop R25 per boekie en sal te koop wees vanaf die dag wat die skool begin in 2019 by die registeronderwysers.
- Die Jaarblad beloop R170 per boek en kan ook in die registerklasse bestel en betaal word voor of op 23 November 2018.

7 SKOOLREKENING:

- Elke ouer gaan vandag 'n harde kopie van u skoolfondsrekening ontvang.
- Inligting van 2019 word aan u deurgegee.
- U word herinner dat u Debietvolmagvorm vir 2019 hernu moet word.
- Die leerders se **SKRYFBEHOEFTELYS VIR 2019** word ook by die skoolrekening-pakkie ingesluit.

8 NASKOOLSENTRUM:

Al die naskoolleerders ontvang ook vandag 'n harde kopie van hul naskoolrekening. U moet asb. 'n nuwe aansoekvorm voltooi vir 2019.

9 MY SCHOOL - KAART:

Indien u nog nie 'n "My School"-kaart gekry het nie, vra ons u vriendelik om die aangehegte vorm wat u in u skoolrekening-pakkie gaan ontvang, te voltooi. U kaart word onmiddellik uitgereik sodra ons u vorm ontvang het. Hierdie is 'n kostelose projek.

10 MASINCEDANE KALENDER VIR 2019:

Masincedane verkoop hulle unieke, self ontwerpte kalenders vir 2019 @ R80. Bestellings kan geplaas word by Mev. Christine Kruger 0834683358. Hierdie is 'n baie praktiese kersgeskenk.

11 RUGBY 0/9:

Die Graad 3 seuns m.a.w. 2019 se 0/10 manne, gaan vanaf Maandag, 19 November begin met rugbyoefening. Tyd is 13:15 tot 14:15. Tref asb. die nodige vervoerreëlings. Ons gaan van Maandae tot Donderdae oefen.

12 RAPPORTE:

Rapporte word Dinsdag, 11 Desember 2018 vanaf 17:00 - 18:00 in die skoolsaal uitgedeel.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF